

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



Gesinserediens saamgestel deur:

Dr. Ernst Endres – 13 Junie 2021

VOTUM:

Prys, dienaars van die Here,
prys die Naam van die Here!

²Die Naam van die Here
moet geloof word,
nou en vir altyd.

³Van waar die son opkom
tot waar dit ondergaan,
moet die Naam van die Here geprys word!

⁴Hoog bo al die nasies heers die Here,
sy mag strek selfs oor die hemele.

SEËNBEDE:

Aan almal wat aan God behoort en
in Christus Jesus glo.
Genade en vrede vir julle
van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

SKRIFLESING:

Teks: Eksodus 33 en 34

Tema: God, ons Reisgenoot na nuwe drome

Grootste leier:

Moses was volgens Joodse oorlewering die grootste leier wat die Joodse volk gehad het. Die Here gebruik hom om 'n volk van een land na 'n ander land te lei – van die huis van slawerny na die land wat oorloop van melk en heuning. Die volk het met groot drome getrek, maar die pad daarheen was moeilik en vol slaggate.



Moedswillige volk:

Die groep wat Moses gelei het, was 'n moedswillige volk met 'n slawe-mentaliteit. Hulle het skaars getrek of hulle bevraagteken God se motiewe. By die Rietsee kry vrees die oorhand. In die woestyn kla hulle oor kos en water en die kwaliteit van die kos wat God hulle gee. In Moses se afwesigheid maak hulle 'n goue kalf,

“Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het.
Daarna bou Aaron 'n altaar en sê,
More is daar fees vir die Here”. (Exoudus 32)

Nuwe opdrag:

Na hierdie gebeure gee die Here 'n nuwe opdrag aan Moses om die volk te lei na die land wat oorloop van melk en heuning. Maar dan volg die skokkende woorde,

“Julle is so 'n moedswillige volk dat Ek nie sal saamtrek
na hierdie land wat oorloop van melk en heuning nie,
want dan verdelg Ek julle op pad daarheen.” (Exodus 33:16)

Bomenslike taak en toerusting:

Die bomenslike uitdaging van Moses was nie die moeilike terrein of vyandige gesindheid van die volkere in die Sinai-skiereiland nie, maar die hardkoppige en moedswillige volk wat hy moes lei. Vir hierdie taak moes Moses toegerus wees.

1. MOSES SE ENIGSTE VRIEND. (EKSODUS 33:7-11)

- **Tent van ontmoeting.**

Moses het 'n tent gevat en dit ver buite die kamp gaan opslaan. Hy het dit die tent van ontmoeting genoem.

- **Teenwoordig.**

Sodra hy ingaan, het die wolkkolom afgekom en by die ingang van die tent van ontmoeting gaan staan, en dan het die Here met Moses gepraat.

- **Vriend.**

Die Here het direk met Moses gepraat, soos 'n man met sy vriend.

2. MOSES SE ENIGSTE METGESEL. (EKSODUS 33:12-17)

- **Wie gaan saam?**

Op 'n keer het Moses vir die Here gesê: “Kyk, U beveel my om met hierdie volk te trek, sonder om my mee te deel vir wie U saam met my stuur.”



- **Nooit alleen.**

Toe het die Here gevra: “Moet Ek self saamgaan en vir jou vrede gee?” “As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie.”

- **Gesonde verhouding.**

Die Here het vir Moses geantwoord: “Ook wat jy nou gevra het, sal Ek doen. Ek is jou goedgesind en Ek ken jou op jou naam.”

3. MOSES SE LOJALE REISGENOOT (EKSODUS 33:18-34:7)

Toe sê Moses: “Laat ek tog net u magtige verskyning sien!” Die Here het in ’n wolk afgekom en daar by Moses kom staan en die Naam “die Here” uitgeroep.

- **Moederbeelde.**

Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: “Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou.”

- **Liefde en lojaliteit vir duisende geslagte.**

Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie.

- **Rekenskap.**

Ek reken kinders en kleinkinders die sondes van vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag.

4. GOD SKEP ’N TOEKOMSVERWAGTING. (EKSODUS 34:10)

- **Reis vol wonderwerke.**

Toe het die Here gesê: “Ek sluit nou ’n verbond met julle. Voor jou hele volk gaan Ek magtige dade doen wat **nog nooit tevore** op die hele aarde onder enige nasie gedoen is nie.

- **’n Awesome reis.**

Die hele volk by wie jy is, sal sien wat Ek, die Here, doen. Wat Ek vir jou gaan doen, sal hulle met ontsag vervul.

5. DIE GOD VAN ONVERDEELDE TROU. (EKSODUS 34:11-16)

- **’n Reis vol slaggate.**

Moenie ’n verdrag sluit met die inwoners van die land waarheen julle gaan nie. Hulle sal julle tot ’n val bring.



- **’n Reis sonder kompromieë.**

Nee, vernietig hulle altare, breek hulle klippilare af en kap hulle gewyde pale stukkend. Julle mag nie ’n ander god vereer nie, want Ek, die Here, eis onverdeelde trou aan My. Daarom noem hulle My:

“Die God wat onverdeelde trou eis.”

6. IN GOD SE TEENWOORDIGHEID: REFLEKTEER SY HEERLIKHEID. (EKSODUS 34:27-35)

- **Die shekinah van die Here.**

Moses was veertig dae en nagte by die Here. In dié tyd het Moses geen kos geëet of water gedrink nie. Hy het die verbondsbepalings, die tien gebooe, op die plat klippe geskryf. ²⁹Toe hy van Sinaiberg af gaan met die twee plat klippe in sy hand, die klippe waarop die getuienis was,

was hy nie daarvan bewus dat sy gesig blink geword het terwyl die Here met hom gepraat het nie.

- Toe Aäron en die Israelite opmerk dat sy gesig blink, was hulle bang om naby hom te kom. ³¹Eers toe Moses hulle nader roep, het Aäron en al die leiers van die volk na hom toe gekom, en hy het met hulle gepraat. ³³Toe Moses klaar met hulle gepraat het, het hy sy gesig met ’n doek toegemaak.

Samevattend.

Moses was die grootste leier wat die Joodse volk gehad het. Hy het die volk uit Egipte deur die Sinai-skiereiland tot in die beloofde land gelei. In dié tydperk het hy ’n unieke verhouding met God gehad. Daar wag ’n wonderlike toekoms op ons. Dieselfde God wat Moses gelei het, lei ook ons vandag. Amen!

SEËNBEDE:

²⁴Die Here sal julle seën
en julle beskerm;

²⁵die Here sal tot julle redding verskyn
en julle genadig wees;

²⁶die Here sal julle gebede verhoor
en aan julle vrede gee!



OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer. U as gesin kan met EFT of snapsan betaal.



NG Wonderpark.
Absa Tjekrekening 1460165489
Takkode:632005
Verwysing: Dankoffer

NG Gemeente Wonderpark bied 'n advertensie geleentheid vir besighede op al ons platforms (Facebook, Webblad, Aanlyn en gesins eredienste). Vir meer inligting kontak die kerkkantoor: kantoor@ngkerkwonderpark.co.za

Met trots geborg deur:

www.thepiecrew.co.za

THE PIE CREW
WINMORE

thepiecrew1@gmail.com
thepiecrew.winmore@gmail.com

The advertisement features a collage of images: on the left, several golden-brown pies on a white plate; in the center, a hand holding a pie with a logo that says 'THE PIE CREW' inside a diamond shape with a top hat and a mustache; on the right, a burlap sack labeled 'COFFEE' spilling dark coffee beans. Below the collage is a black box with white text containing the company name and contact information.

THE PIE CREW

The Pie Crew not only gives you great pies but we give you loads of flavour...

Become part of...The Pie Crew...Family!! We produce & distribute Frozen Handmade Pies to the retail sector to bake up at home, for you to enjoy a gourmet meal from your own oven!

Webwerf: <https://www.thepiecrew.co.za/>

Facebook: <https://www.facebook.com/the.piecrew/>

Instagram: https://www.instagram.com/the_piecrew/

